Die Vereniging vir Voorskoolse Opvoeding en Sorg (VVOS) in samewerking met Plus50 en GrysKrag bied aan:

Ter viering van Internasionale Dag vir Ouer Persone op 1 Oktober, is die tema:

'Ek en my Ouma en/of Oupa'
'Me and my Granny and/or Grandpa'

Sluitingsdatum vir inskrywings: 11 Augustus 2017

Pryse wat gewen kan word vir elke kategorie sluit in 'n Finbond Mutual Bank spaarrekening met die monetêre waarde soos volg:
1e plek - R1500
2e plek - R1000
3e plek - R500

Elke kunstenaar wat 'n geldige inskrywing indien, sal 'n sertifikaat van deelname ontvang na afloop van die beoordeling.

'n Kunsuitstalling sal geskied en die deelnemers word uitgenooi na die glansgeleentheid saam met sy / haar grootouer(s) of ouer(s) vir 'n bederfoggend en prysoorhandiging:

Finbond Mutual Bank Kleuterkunskompetisie Oupa en Ouma Bederftee
Atterbury Teater, Lynnwood Bridge, Pretoria
28 Oktober 2017
Kaartjies is beskikbaar by Computicket teen R60 per persoon (volwassenes en kinders ouer as 6 jaar) en R30 per kind (6 jaar en jonger).

Vir inskryfvorms of meer inligting:
Kontak Lize by die VVOS kantoor tel. nr. 012 667 2028 of e-pos info@vvos.co.za
Volg die die kompetisie bladsy op Facebook: https://www.facebook.com/kleuterkuns/
Of **@kleuterkuns**

Sien keersy vir vereistes

Vereistes:
Die kunswerk kan enige uitbeelding behels wat handel oor die tema. Dit kan 'n voorstelling wees van jou grootouers of enige iets wees wat jou aan jou Oupa en / of Ouma laat dink. Ken asb. 'n titel aan die kunswerk toe.

Kunswerke moet in 2D wees en mag geteken, geverf of uit collage of 'n kombinasie hiervan bestaan. Die kunswerk oppervlak moet plat wees.

Die juffrou of ouer word versoek om die kunswerk te monteer op die voorgeskrewe kleur karton volgens die ouderdomskategorie, en vergesel van 'n standaard etiket vasgeheg regs onder op die kunswerk (word saam met die inskryfvorm verskaf).

Finale gemonteerde grootte: **A3**

Knip 1cm rondom die kunswerk af en monteer die werk op A3 grootte karton volgens kleur (die kinders se geboortejare word as kategorieë gebruik):

2014 (word drie jaar) - Oranje
2013 (word vier jaar) - Geel
2012 (word vyf jaar) - Rooi
2011 (word ses jaar) - Groen

Indien verkies kan 'n buitelyn met swart merkpen getrek word
Die werk moet uitsluitlik dié van die kind wees en in 2017 geproduseer wees.

Die **inskrywingsfooi** beloop R10, en moet die inhandiging van die kunswerk vergesel.

Inhandiging:
Die kunswerke kan ingehandig word tussen 7 en 9vm op **29 Julie by die VVOS Seminaar** by UNISA in Pretoria, of by die VVOS Kantoor in Centurion. Kontak asb die VVOS kantoor per telefoon (nr. 012 667 2028) of e-pos (adres info@vvos.co.za) om 'n afspraak te maak.

Alle kunswerke moet die VVOS kantoor bereik teen 11 Augustus 2017 om in aanmerking geneem te word vir die kompetisie.

Geen kunswerke wat nie aan die kriteria voldoen sal oorweeg word nie. Die besluit van die beoordeelaars is finaal en geen skrywery of onderhandeling hieroor sal geskied nie.

Die kunswerk sal nie teruggestuur word aan die kunstenaar, familie of skool nie. Verseker asb dat u 'n foto neem van die kunswerk vir u eie gebruik voor dit ingehandig word. Die organiseerders behou die reg voor om die kunswerkte te verkoop om fondse te in vir die projek.

U is ook welkom om foto's wat geneem word van die kind terwyl hy/ sy die kunswerk maak te deel op die ***Facebook*** blad: @kleuterkuns.

Ons hoop en vertrou dat die jong kinders dit baie sal geniet om aan hierdie projek deel te neem; die VVOS bevorder graag die kreatiewe uitlewing van voorskoolse kinders!

Dankie vir u ondersteuning,
Die VVOS Span

FINBOND MUTUAL BANK
GrysKrag GreyPower
PLUS 50 Jou beste jare • Your best years
70 VVOS AECYC